

US oorhandig 200 Kerse van Hoop aan Macassar-gemeenskap en familie van brandslagoffers

Brande, in gemeenskappe wat nie toegang tot elektrisiteit het nie en daarom van kerse, paraffienstowe en ander brandstowwe afhanklik is, eis elke jaar etlike lewens in die Wes-Kaap en die res van die land. In 'n onlangse voorval het nege mense, waaronder ses kinders, in hul huis in Macassar, Kaapstad, doodgebrand nadat 'n kers ongeval het en die huis aan die brand gestee is.

Dié tragiese voorval en honderde ander soortgelyke voorvalle was die motivering vir die Universiteit Stellenbosch (US) se Kers van Hoop-projek om die gemeenskappe in te lig oor 'n eenvoudige, veilige kershouer wat hul lewens kan beskerm.

Die Kers van Hoop is 'n kershouer wat voorkom dat 'n brand ontstaan wanneer die kers omgestamp word of omval. Die Universiteit se Afdeling vir Gemeenskapsinteraksie gaan eerskomende Woensdag 200 van hierdie kershouers aan die gemeenskap van Macassar uitdeel.

Dr Jerome Slamet, Senior Direkteur: Gemeenskapsinteraksie aan die US, sê: “Die US se HOOP Projek fokus op wyses waarop die wetenskap oplossings kan bied vir alledaagse probleme waarmee gemeenskappe worstel. Die Kers van Hoop-inisiatief is by uitstek 'n voorbeeld hiervan.”

Volgens prof Wikus van Niekerk, Direkteur van die Sentrum vir Hernubare en Volhoubare Energie Studies, wil dit voorkom of die hoofrede vir die ontstaan van baie huisbrande kerse is wat in koeldrankbottels, pierings en ander tuisgemaakte kershouers geplaas word en dan omval. Selfs kommersiële kershouers kan nie altyd voorkom dat kerse omval of omgestamp word nie.

“Wanneer 'n kers omval kom die vlam gewoonlik in direkte kontak met die gesmelte was en veroorsaak so dat 'n brand ontstaan wat vinnig versprei,” verduidelik prof Van Niekerk. Die veilige kershouer wat gemaak is van draad en ander afval materiaal ondersteun die kers sodat die vlam nie die by die gesmelte was kan kom nie en voorkom sodoende dat die was aan die brand slaan.

Die Kers van Hoop-kershouer is die uitvindsel van mnr Conrad Stoffberg, 'n oud-leerder van die Paul Roos Gimnasium op Stellenbosch. Hy het die veilige kershouer in graad 9 ontwerp as sy inskrywing vir die jaarlikse Eskom Expo vir Jong Wetenskaplikes. “In daardie stadium was verskeie artikels gepubliseer rondom kerse wat omval en plakkershuisies laat afbrand en ek het 'n geleentheid raakgesien om 'n kershouer te ontwerp wat dié probleem kon aanspreek,” vertel mnr Stoffberg, tans 'n kandidaat-argitek in Bloemfontein. “Dit wys jou net, al doen mens dalk net 'n eenvoudige ondersoek, is die uitkoms se 'ripple effect' soms baie keer ver bo jou verwagting. Dankie ook vir Prof Wikus se geloof in die projek – sonder sy hulp sou die kersblaker maar net nog 'n skoolprojek van lank gelede gebly het.”

“Selfs al red ons net een mens se lewe met hierdie projek, is dit die moeite werd,” sê prof Van Niekerk.



Meer oor die kershouers:

- Dit is veilig. Selfs wanneer die kers omgestamp word, hou die draadspiraal van die houer dit veilig in plek en voorkom dat dit in kontak kom met die gesmelte was.
- Dit is goedkoop. Die materiaal wat gebruik word om die houer te vervaardig is – draad en plaat van 'n gebruikte blikkie is geredelik beskikbaar en goedkoop. Geen spesiale toerusting word benodig om die kershouers te maak nie, slegs 'n draadtang, blikskêr en besemstok.
- Dit skep werk en ekonomiese geleenthede. Die kershouers kan met baie min opleiding en fasiliteite deur ongeskoolde persone gemaak word en bied ontluikende entrepreneurs die geleentheid om hiermee hul eie besigheid te begin.

Datum: 8 Junie 2011

Tyd: 17:00-18:30

Plek: Macassar-biblioteeksaal

- Vir meer inligting kontak Martin Viljoen, Senior Mediaskakelpraktisyn by tel 021 808 4921, viljoenm@sun.ac.za

